

191.T. 3 (3)

VOLKSKONGRES OOR DIE TOEKOMS VAN

DIE BANTOE IN SUID-AFRIKA (Bloemfontein  
28 Junie 1956)

Inleidende woorde deur die Voorsitter,

Prof. H.B. Thom.

By die opening van hierdie Volkskongres wil ek u almal vanmôre van harte verwelkom.

Hier is afgevaardigdes, wat 'n groot verskeidenheid van liggame verteenwoordig; hier is besoekers, wie se persoonlike belangstelling hulle hierheen gebring het; hier is verteenwoordigers van buitelandse moondhede, wat regstreeks en onregstreeks belang het by die besprekings wat hier gevoer en die besluite wat hier geneem sal word; en hier is verteenwoordigers van die pers, wat die verrigtinge noukeurig sal volg en 'n beeld daarvan aan die buitewêreld sal gee. Almal tesame, maak ons die grootste kongres van hierdie aard uit wat nog in Suid-Afrika plaasgevind het.

Dit is gewis nie toevallig dat ons hier so 'n groot opkoms het nie. Die onderwerp wat ons na aanleiding van die Tomlinson-kommissie se omvattende verslag gaan bespreek, nl. die Toekoms van die Bantoe in Suid-Afrika, raak nie net ons eie land en elkeen van ons persoonlik op diepgaande wyse nie, maar dit raak ook die groot wêreld om ons heen. Hierdie onderwerp het vir ons almal vandag só belangrik geword dat ons ons verplig gevoel het om na mekaar toe te kom ten einde gedagtes te wissel en na riglyne vir die toekoms te soek.

Laat my toe om nou drie punte te beklemtoon:-

- (a) Ons gaan sorg dat ons op hierdie Kongres nie met die hart dink nie, maar met die verstand. Die onderwerp wat ons aandag eis, en die tal van vraagstukke wat

daarmee verband hou, is só ernstig en só oorweldigend dat daar vir wensdinkery geen plek sal wees nie. Vanselfsprekend sal ons met sake te doen kry en oor beginsels handel, wat ons na aan die hart lê en waaroor ons sterk voel, en as ons dan met geesdrif praat, sal dit slegs natuurlik wees. Maar ons sal teen emosie moet waak, die soort emosie waardeur 'n mens weggedra en opgesweep word, en wat dus jou perspektief belemmer.

Ons sal met kalmte en eerlikheid en opregtheid na die waarheid soek. Ons sal ons met erns besin oor dinge waaraan ons miskien reeds gewoon geword het en waaroor ons miskien vir 'n lang tyd al veels te min nagedink het. In hierdie gees pak ons ons taak aan; slegs in hierdie gees kan ons hoop om iets blywends te bereik.

- (b) Ons gaan verskille van mening duld, en ons gaan aanvaar dat ons deur verskil van mening gehelp kan word om na die diepte te gaan en tot die ware lig deur te dring. Ons onderwerp, en die feit dat ons almal in verskillende omstandighede in ons alledaagse lewe met die Bantoe te doen kry, sal meebring dat ons seker nie altyd met mekaar sal saamstem nie en miskien selfs radikaal van mekaar sal verskil.

Op hierdie Kongres sal ons, terwyl ons dankbaar sal voel oor eenstemmigheid oor groot beginsels, ook dankbaar wees vir eerlike, opregte verskil van mening. Want ons het hierheen gekom om in ons soek na die waarheid van mekaar te leer, en ons sal seker veel meer van mekaar kan leer as ons mekaar nie nápraat nie maar elkeen openhartig na vore kom om sy bydrae ruitelik te doen. Aldus kan ons dan vrugbare gedagtewisseling kry, wat van hierdie Kongres rigtinggêwende aksie kan laat uitgaan.

(c) Ons gaan nie net die belange van die een of ander groep soek nie, maar die belange van almal: ons gaan die belange soek van die blankes en van alle seksies onder hulle, en ons gaan ook die belange soek van die nie-blankes en van alle seksies onder hulle. Ons aanvaar dat Suid-Afrika die blywende tuiste is van sowel blank as nie-blank, en dat albei reg het om hier op 'n fatsoenlike, menswaardige bestaan aanspraak te maak.

In die verlede was daar al baie keer besprekings en vergaderings en konferensies, maar dit het alte dikwels om die belange van die een of ander gegaan, en nog selde was ons in die gees byeen soos vanmôre hier die geval is.

Die mate waarin ons daarin slaag om aan hierdie drie groot voornemes getrou te bly, sal grotendeels bepaal in hoe verre die werk van hierdie Kongres met welslae bekroon sal word.

Terwyl ons dit alles nastrewe, sal ons moet rekening hou met wat vooraf gegaan het. Ons het 'n lang pad geloop tot hiertoe. Verreikende gebeurtenisse het in ons geskiedenis plaasgevind; sekere opvattinge is deur die jare heen gevestig; en 'n struktuur is opgebou wat geensins toevallig van karakter is nie. Ons kan nie 'n nuwe orde wil gaan vestig, sonder om met die ou orde rekening te hou nie. Ons kan nie die toekoms wil gaan bou, sonder om dit op die fondamentstene van die verlede te doen nie.

Vandaar dat ons, waar ons na lig en waarheid soek, dit in die lig van oortuigings en beginsels sal doen wat deur drie honderd jaar se geskiedenis vir ons vorm aangeneem het en gevestig geraak het. Die Afrikaner, as die oudste en talrykste blanke bevolkingsdeel, het op aansienlike wyse tot hierdie drie honderd jaar se geskiedenis bygedra, en daarom sal veral met sy oortuigings en beginsels rekening gehou moet word.

Ons beseef egter dat alles wat deur die menslike verstand voortgebring en deur mensehande gemaak word, onvolmaak is. Ook wat ons hier in die Kongres besluit en doen, sal nie volmaak wees nie. Maar die Skepper, deur Wie ons in hierdie land geplaas is, het 'n doel met ons, en ons weet dat as ons eerlik en opreg in Sy lig die lig wil sien, Hy dit vir ons ook sal gee.

Mag ons dan hier hartlik met mekaar saamwerk. Mag die besprekings wat ons voer en die besluite wat ons neem, waarlik die belange van Suid-Afrika dien.

\*\*\*\*\*